

11 Oktober

Skrifgedeelte: 1 Johannes 3:18-24
Fokusgedeelte: NGB, Art 23

Christus ons geregtigheid – Laat ons vrymoedig tot God nader

Buite 'n rugbystadion staan die toeskouers tou. Vir sommiges het die feestelikheid klaar begin, want hulle het kaartjies, maar ander staan gespanne na die voorpunt van die ry. Hulle is nie seker of hulle plek gaan kry nie.

Met die toegang tot die hemelse heerlikheid gaan dit net so. Petrus praat aan die einde van sy lewe van 'n "vrye en feestelike toegang tot die koninkryk van Jesus Christus" (2 Pet 1:11). Hierna verlang en hieroor wonder elke gelowige. Hoe moet dit wees om te kan ingaan deur die hemelpoorte en die heerlike dinge van God te sien en te beleef? Vrye en FEESTELIKE toegang tot die paradys!

Waar is die feestelikheid vandag? Baie mense sidder by die gedagte om voor die regterstoel te verskyn van Hom wat alles weet. Hulle gewete kla hulle aan. Die vrymoedigheid om na God te gaan word bederf deur hulle herinnerings aan duisende sondige dinge wat hulle diskwalifiseer van die voorreg om te kan ingaan. Omdat daar onsekerheid is, is daar geen feestelikheid nie.

God wil sy kinders sekerheid gee. Hy wil hê jy moet weet: Hy is groter as jou gewete (vers 20). Dit is immers Christus se gehoorsaamheid wat vir jou vrye toegang tot die hemel gee, nie jou eie nie! Hý is jou geregtigheid voor God; daarom kan jy God feestelik en vrymoedig nader.

God wys 'n pad waarlangs hierdie sekerheid al meer deel van jou lewe kan word. Deur liefde aan medegelowiges en alle mense te bewys (vers 18) sal jou gewete al meer oortuig raak dat jy as kind van God vrye toegang tot Hom het (vers 24). Laat die fees dus vandag reeds begin! Olé! Olé! Olé! Olé! Halleluja!

DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)